

**18 Julie**

**Skrifgedeelte: Job 36-37**  
**Fokusgedeelte: Job 37:1-24**

### **Lyding lei tot dieper Godskennis**

Die drie vriende van Job gee antwoorde – verslete, “vroom” antwoorde – op die waaróm-vraag: Job moes iewers teen God gesondig het. Job ontken dit heftig, maar hy bly ook by die waaróm-vraag – hy wil egter by God self uitkom. Hy wil by Hom persoonlik hoor waarom die lyding oor hom gekom het. Elihu bring die hele saak op ‘n dieper vlak. Hy sê: ons moet die waartóé-vraag vra. Ons moet vra: wat is God se dóél met die lyding in ons lewe? Selfs konings word “geknel deur swaarkry” as hulle hooghartig word. “So laat God hulle besef wat hulle gedoen het, hoe hulle gesondig het toe hulle hoogmoedig geword het” (36:8,9). God wil deur sy groot mag mense tot insig bring (36:22).

Op die agtergrond hoor Elihu die onweer rammel. Uit hierdie opkomende storm sal die Here self aan Job ‘n antwoord gee. Vir oulaas kom die oproep van Elihu aan Job om na God se magtige stem te luister. God se doel is om mensewerk tot stilstand te bring “sodat alle mense sy werk kan leer ken” (37:7). Job moet ophou om by die Almagtige te probeer uitkom (37:23). God sien nie mense soos Job raak nie – mense “... wat dink dat hulle wysheid het ...” (37:24). Sal Job God uiteindelik vind? “Waar is die Vader?” Die Vader sal Hom nie onbetuig laat nie. Alles gaan vir Job daarop uitloop dat hy na sy byna eindelose wag en wroeg uiteindelik die Here persoonlik sal ontmoet. Hy sal Hom as die Vader wat “ryk aan barmhartigheid en ontferming” is vind (Jak 5:11). God wil ook vir jou en my as sy kinders in Christus steeds na daardie dieper Godskennis heenlei.

*Sing: Psalm 119:23*

*Dr PP Kruger (Meyerspark)*